*C.P. Cronjé*

# ONREG, NASIONALISME EN POLITIEKE TAAKSTELLING

Onregte teen kultuurgroepe kan as een van die belangrikste oorsake van nasionalisme by sulke groepe beskou word. Die geldigheid van hierdie beskouing het deels geblyk toe 'n politikus oor die afwesigheid van nasionalisme by Engelssprekende Suid-Afrikaners gepraat het. Volgens hom is die eerste oorsaak van die gebrek die afwesigheid van onreg teenoor dié deel van die Suid-Afrikaanse bevolking. Hy stel dit só: „If the English-speaking South African has never developed a nationalism, it is reasonable to ask why... The first reason is because English-speaking people has never, ever, felt themselves oppressed, or if they have, then it has been for a relatively short time, without a tradition of oppression" (McIntosh, 1978:7).

## 1. Onreg in die Afrikaner-geskiedenis

Die reaksie van die Oosgrensboere op onreg deur die Britse owerhede sedert die besetting aan die begin van die negentiende eeu gepleeg, skyn ook die geldigheid van die inleidende stelling hierbo te onderstreep. Dit was nie soseer die blote feit van Britse anneksasie wat die ontwikkeling van die Afrikanervolk op 'n nasionalistiese patroon gestimuleer het nie. Dit was die intense ervaring van onreg wat deel van die alledaagse lewe geword het – byvoorbeeld die ontsegging van die reg om Hollands op skool en in die howe te gebruik – wat die owerheid en grensboer van mekaar vervreem het. Pogings om, met behoud van sulke onregte, die trekkende boere onder Britse gesag te hou, het Afrikaner-nasionalisme net verder laat ontkiem.

Die vertroue van die Britse owerheid in hul eie maatreëls het voorkom dat hulle kon raaksien wat Steinmetz in ons eeu oor nasionalisme skryf: „Het grootste gevaar voor een nasionaliteit (hy bedoel nasionalisme – C.P.C.) en haar streven is ... goede behandeling door den staat, vertrouwen van de regering, zoveel vrijheid en zelfstandigheid als maar eenigszins mogelijk" (Winkler Prins, 1937:488). Het die Britte hierdie beleid gevolg, sou die geskiedenis dalk anders verloop het. Afrikanernasionalisme sou dan 'n ander voedingsbodem as die Britse onreg moes vind.

Nietemin, die Oosgrensboere se Groot Trek was 'n politiese daad, bereken om 'n bedeling van vryheid en regverdigheid teenoor hulle as groep te verkry. Hierdie aanvanklike motief het na twee vryheidsoorloë, 'n rebellie,

interneringskampe en vele ander insidente, nog sterker geword. Dit is dus te verstane dat die meerderheid Afrikaner-politici met slegs een doel voor oë tot die Suid-Afrikaanse politiek toegetree het: Om onreg teenoor die Afrikaner uit te wis, deur byvoorbeeld die gelykberegtiging van Afrikaans teenoor Engels te verskans.

**2. Gevare by die uitwissing van onreg**

Wanneer 'n politieke beweging momentum kry, soos wat met die politieke opkoms van die Afrikaner gebeur het, is daar slaggate wat vermy moet word. So kan verby 'n toestand van gelykberegtiging na 'n posisie van politieke bevoorregting beweeg word. Hiervan is die sogenaamde omgekeerde diskriminasie van die Amerikaanse Negerpolitiek, die onaantasbaarheid van stakende arbeiders in Westerse industrieë en die swartes se vrye vervolging van Blankes in pas gedekoloniseerde Afrikagebiede goeie voorbeelde. In plaas van 'n staat van regverdigheid, word 'n toestand van wraak bereik – die onreg word maar net op 'n ander wyse voortgesit. Die opgekropte vernedering van dekades of eeue, word die maatstaf vir regverdiging.

As die stryd om regverdigheid deur nasionalistiese simpatieë versterk word, is daar ander gevare wat ook in aanmerking geneem moet word. Dit mag gebeur dat nasionalisme na beëindiging van diskriminasie teen 'n volksnasionalistiese groep nie maar net as 'n middel waarmee 'n regverdige bedeling beding kan word, beskou word nie. Dit word vir die groep 'n willekeurige demonstrasie van magsuitoefening wat nie aan die algemene norme vir gesonde staatsbestuur gekoppel is nie. Een van die grootste Afrikanerdenkers, N.P. van Wyk Louw, het daarom reeds vroeg gewaarsku teen die krisis van 'n volk wat in die „engtes" beland het. Die volk kan 'n stadium bereik waar gekies moet word tussen die blote voortbestaan en 'n voortbestaan in geregtigheid (Louw, 1971:63).

Hierdie gevaar raak besonder akuut wanneer die onderdruktes van voorheen – soos die Afrikaner in Suid-Afrika – die monopolie op die staatsmag verkry. Hy kan in die engte beland dat hy sekere aspekte van sy identiteit nie meer kan handhaaf sonder om ander groepe in die burgery te verontreg nie. Swig hy voor die lokkende versoeking van so 'n situasie, is hy besig om die voormalige imperiale besetter op 'n binnelandse wyse na te boots.

Andersins kan die Afrikaner, wat vroeg reeds 'n simbool van verset teen imperialisme geword het, nou ook finaal sy status as 'n stigter van geregtigheid bevestig.

## 3. Geregtigheid en nasionalistiese politiek

Die normatiewe rigpunte van billikheid en regverdigheid of die gelykbe-regtiging van groepe en individue is nie maar net terloopse sake in die politiek nie. Dit is die hartklop, die belangrikste enkele taak van 'n politieke gemeenskap. Die staat moet genoemde rigpunte in 'n juridiese bestel verwerklik en dit as sodanig beskerm. Daarmee word ook die regsbelange van diegene wat nie die owerheidspersone aan bewind gestel het nie, byvoorbeeld opposisiepartye, beveilig (kyk Van der Watt, 1968:105-107).

Die probleem is egter dat hierdie hartgrondige bekommernis oor algemene regverdigheid nie die spesifieke motivering in 'n nasionalistiese politiek is nie. Dit sien 'n mens veral in verkiesingstyd. Lidmaatskap van 'n sekere volksgroep (byvoorbeeld Afrikanerskap) word dikwels as die eintlike rede waarom daar vir 'n sekere party gestem moet word, aangedui. Verder moet daar dan, in dieselfde betoog, ook nie gestem word vir die ander party wat byvoorbeeld Engels-beïnvloed is nie. Die kieserskorps word slegs agterna en dan met veel minder entoesiasme, meegedeel dat die party waarvoor hulle moet stem, ook goeie staatsbestuur in algemene belang kan verseker. Hierdie bewering word egter maklik op die veronderstelling dat goeie staatsbestuur moontlik is omdat partyleiers van 'n sekere volksgroep is, gebou!

Op dié wyse kan volksnasionalistiese invloede die egte norme vir algemene staatsbestuur verduister. Die Afrikaner, wat weens sy geskiedenis uitermate geneigd is om die politiek op nasionalistiese wyse te bedryf, moet ernstig oor die probleem van politieke taakstelling nadink. Hy moet oor sy eerlikste motiewe vir politieke entoesiasme besin. Wil hy politieke mag slegs hê om die heerskappy van die Afrikaner „ewigdurend" te bevestig of wil hy die mag hê om alle vorme van onreg in Suid-Afrika te beveg – met ander woorde ook waar die onreg Nie-blanke, nie-Afrikaanse en nie-christelike groepe betref?

Afrikanerorganisasies moet hulleself verder die vraag afvra of wat Van der Watt in die algemeen oor politieke drukgroepe skryf, nie ook op die Afrikanerorganisasies van toepassing is nie: „... sy belangstelling in die owerheidsbeleid (is – C.P.C.) tot die bevordering van eie vooruitgang beperk" (Van der Watt, 1969:51).

Hoewel groot ongeregtigheid kan ontstaan wanneer 'n enkele groep sy voortbestaan en algemene welsyn uitsluitlik aan sy monopolie oor owerheidsampte knoop, behoort dit, omgekeerd, nie saak te maak indien owerheidspersone wel almal lede van 'n sekere volksgroep is nie. Die politieke gemeenskap van 'n volksgroep wat die owerheidspersone lewer moet egter aan minstens twee voorwaardes beantwoord. Dit moet nie namens die

volksgroep vir die monopolie ywer nie, en wanneer sy lede wel in die ampte kom, moet hulle in algemene belang regeer.

Die dogma van volksoewereiniteit wat in 'n nasionalistiese gedagtegang geweldig belangrik is, het die kanse op 'n bedeling soos hierbo omskrywe egter deurgaans in die wiele gery. Dit het begin met die vurige ywer om sekere kulturele onderskeidingslyne op 'n kliniese wyse te forseer. Daarom is gesê dat elke volk oor 'n eie staat, waarbinne slegs één taal, één kultuur, één ekonomie, één skoolstelsel ensovoorts hoort, moet beskik. Sulke riglyne word gestel as uitgegaan word van die veronderstelling dat verskille noodwendig èn vyandigheid beteken èn onversoenbaar is. Sulke onversoenbare vyandighede kom veral by sterker groepe voor soos pogings tot Russifikasie, Turkifikasie, Anglisasie, Afrikanisasie ensovoorts. As die burgery se politieke entoesiasme egter onder die staatlike leitmotiv van gedifferensieerde gelykberegtiging toegespits was, kon 'n vreedsame bedeling in daardie gemeenskappe moontlik gewees het.

### 4. Volksoewereiniteit in die Suid-Afrikaanse politiek

'n Imperialistiese houding teenoor die swakker groepe binne 'n staat is egter slegs een kant van die dogma van volksoewereiniteit. Daar is ook die weg wat Suid-Afrika met òf die gewillige òf die teësinnige afskeiding van tuislande volg. Hoewel nie-imperialisties, word die dogma van volksoewereiniteit onverdund gehandhaaf. Daar word steeds geglo dat elke volk 'n eie staat en één kultuur móét hê.

Daar wag egter 'n verrassing op enige regering wat meen dat sy politieke taak afgehandel is indien sy onderdane almal van een kultuur en dus ook een taal is. Nie Nederland òf Italië kon in so 'n sogenaamde „ideale" situasie 'n stabiele regering vestig nie. Dit blyk gou dat 'n staat altyd meer belange as dié van verskillende volkskulture huisves. Binne 'n eenkulturige staat sal daar byvoorbeeld ten opsigte van die ekonomie alleen minstens drie belangrike belangegroepe wees, te wete verbruikers, werkgewers en werknemers. En op kerklike gebied is daar eindelose versplintering. Kortom, die taak van die staat bly steeds dié van regverdige wetgewing te midde van ingewikkelde kulturele situasies, met of sonder 'n veelheid van volkere.

Die Progressiewe Federale Party in Suid-Afrika is vanuit verskillende oorde gelukgewens toe dit in 'n beleidsverklaring voorsiening gemaak het vir die afsonderlike belange van kultuurgroepe. Tog blyk uit meegaande kritiek in die gelukwensinge dat die gelukwensers steeds die sogenaamde regsbelange

van *volks*groepe as die mees basiese regte van die burgery beskou[1]. Daarom is in die gelukwensinge so maklik die spot gedryf met die „tot vyftig" verskillende groepe waarbinne 'n burger homself in 'n beoogde toekomstige P.F.P.-parlement kan laat klassifiseer.

Sulke kritiek spreek ongelukkig steeds van die tipiese kortsigtigheid van baie mense in Suid-Afrika. Weens sowel die volkere-ideologie as die werklike teenwoordigheid van verskillende volkere, word aan die tipiese norm vir enige staat verbygegaan. Daardie norm kan omskryf word as die taak om in algemene belang, sonder om die nie-politieke lewe intern te reël, 'n groot verskeidenheid individuele en groepsbelange in 'n regstelsel te koördineer en te beskerm. In hierdie proses neem die Suid-Afrikaanse regering, soos die meeste ander regerings, reeds meer as vyftig verskillende groepe deur wetgewing in ag. Dié groepe is nie almal binne die parlement verteenwoordig nie. Behalwe die verskeidenheid ekonomiese belangegroepe waarna hierbo verwys is, is daar nog talle ander. Kyk 'n mens byvoorbeeld ook na die verskeidenheid portefeuljes in die Suid-Afrikaanse kabinet blyk dit dat selfs die veelvolkige Suid-Afrika se unieke omstandighede nie oordryf moet word nie: In 'n kabinet wat onder N.P.-leiding saamgestel is, vorm die regsbelange van volksgroepe bloot 'n onderdeel van die regering se werkspektrum!

### 5. Enger en breër nasionalisme

Tot dusver is hoofsaaklik op die enger *volks*nasionalisme gekonsentreer. Tog het selfs Afrikanerleiers deurgaans probeer om die nie-Afrikaanse deel van die Suid-Afrikaanse bevolking polities te betrek. Daarom het hulle naas die volksnasionalisme, ook 'n breër nasionalisme of patriotisme gekoester. Laasgenoemde bevat dan nie as belangrikste komponent die kontinuering van Afrikaner-heersakppy nie. Tog gebruik politici in die tradisie ook 'n buite-politieke saak om eenheid binne die politiek te vind. Dit rig die aandag op die mooi landsgebied wat bewaar moet word[2], op die grond waaruit almal leef en ook op die ekonomie waaraan almal deel het: Koop Suid-Afri-

1) Kyk proff. S. Terreblanche en W. Esterhuyse, *P.F.P. nog by square one, Rapport,* 29/10/78, p. 2; *Ingebou dubbelslagtig,* hoofartikel, *Die Volksblad,* 30/10/78.

2) Vaderlandsliefde in plaas van christelike rentmeesterskap word dikwels die rede gemaak vir natuurbewaring, volgens Theron (1978:287-288).

kaans[3]!

Dit is verstaanbaar dat politici só te werk gaan. Vanuit die politiek beskou, skyn sekere sake daarbuite minder kontensieus te wees as die politiek self. So stem almal saam oor natuurbewaring en dat daar 'n gesonde ekonomiese stelsel moet wees. Daarteenoor skyn die politieke hoofprobleem van regverdige wetgewing veel groter te wees. Die felheid van debatte laat dit lyk of eenheid maar net 'n droom sal bly. Tog is dit juis binne die politiek waar politieke eenheid gesoek moet word, met ander woorde rondom 'n gemeenskaplike strewe na regverdige staatsbestuur.

Die metaforiese taalgebruik van politici het veral tot die inherente swakheid van nasionalisme bygedra, naamlik om die politieke entoesiasme van die kern van normatiewe politiek, algemene regverdigheid, af te wend. So word iets soos taal eties en emosioneel belaai en word in die volksnasionalistiese tradisie van moedertaal gepraat.

In die breër nasionalisme vind ons dieselfde proses: land word vaderland en burgerskap word 'n broederskap. Tesame met sulke toespelinge uit die gesinslewe word die borging van 'n veilige gesinslewe ook 'n geweldige sterk motiverende faktor vir lojaliteit aan die land van burgerskap. Dit is die grond waarin die voorvaders begrawe lê nadat hulle met bloed daarvoor betaal het. Dit is die land van „ons kinders se kinders wat wag". En die jong soldaat moet weet dat hy onder wapen is „om sy geliefdes te beveilig".

### 6. Die sin van militêre diensplig

As nasionaliteit en toespelinge uit die etiese lewe nie die leitmotiv vir burgerlike betrokkenheid moet wees nie, móét die volgende vraag eksplisiet beantwoord word: Waarom sal iemand die land van sy burgerskap met die wapen verdedig as hy dit nie uit liefde vir daardie land doen nie?

C.S. Lewis wat baie krities teenoor nasionalisme as blinde lojaliteit staan, het dit eweneens téén die gedagte dat die wapen slegs met die oog op regverdigheid opgeneem moet word: „Good men needed to be convinced that their country's cause was just; but it was still their country's cause, not the

3) Hierdie leuse kan minstens nie ten opsigte van gehalteprodukte uit die Derde Wêreld geld nie. Kyk Robert McNamara oor die gevaar van proteksionisme, *We help them attack poverty, Newsweek*, 27/8/79, p. 56. Dr. A. Rupert meen dié slagspreuk kan vervang word deur iets soos „Werk vir vooruitgang" omdat werkloosheid die grootste probleem is, *Rupert maan oor werkloosheid, Die Volksblad*, 31/8/79, p. 4.

cause of justice as such. The difference seems to me important. I may without selfrighteousness or hypocrisy think it just to defend my house by force against a burglar; but if I start to pretend that I blackened his eye purely on moral grounds – wholly indifferent to the fact that the house in question was mine – I become insufferable" (Lewis, 1960:39-40).

Die probleem met hierdie redenasie is dat die motief vir betrokkenheid heeltemal versubjektiveer word. Dit laat nie reg geskied aan die feit dat regsaspekte aan letterlik alles – ook aan huise, afgesien van die feit of die huis in Lewis se argument deur die beskermer daarvan besit word of nie – verbonde is nie. Daarom neem 'n goeie burger enige inbreker in hegtenis afgesien van die feit of dit die betrokke goeie burger se huis is of nie. Net so het goeie burgers die plig om aanvallers op die land van hul burgerskap teen te staan.

Die staat of huis word nie op morele gronde (byvoorbeeld omdat die soldaat se geliefdes ook burgers van die staat is of die huis aan 'n vriend behoort) verdedig nie. Dit is bysake. Veel dwingender is die feit dat vanaf die eerste burgers wat onder die vyand se koeëls sneuwel, die vryheid van die burgers bedreig en die regverdige bedeling ondergrawe word. Die aanvaller is dus doodeenvoudig, juridies besien, krimineel[4].

Presies só eenvoudig is die probleem in 'n konfliksituasie natuurlik nie altyd nie. Verset teen 'n veel sterker moondheid kan sinloos wees en uiteindelik meer regte skaad as beskerm. 'n Uitgerekte oorlog kan 'n land in 'n groot wapenfabriek omskep, duisende of selfs miljoene lewens eis en in ieder geval 'n vrye kulturele lewe vernietig. Verder gebeur dit maklik dat politieke leiers met die geelwortel van gewaande onreg 'n hele staat tot oorlog kan verlei. Sulke leiers vestig gewoonlik ook 'n regsorde wat gruweldade regverdig. Uiteindelik kan daar dan geen hoop meer wees om 'n regverdige orde deur normale politieke prosesse daar te stel nie.

'n Mens dink hier aan Hitler se Duitsland. Die sameswering van Von Stauffenburg en andere wat op 20 Julie 1944 misluk het in 'n poging om die diktator om die lewe te bring, is bekend. Dit is inderdaad goed te praat dat

4) Die kunsmatige teëstelling van wet en morele verantwoordelikheid spruit uit 'n starre siening van die owerheidstaak en staatswette. Word staatswette egter beskou as veranderbare groothede onder dinamiek van 'n strewe na billikheid en regverdigheid, verdwyn die spanning. Staatlike verantwoordelikheid in navolging van 'n geregtigheidsidee, het 'n skoonheid van sy eie, los van morele probleme. Daar bestaan egter 'n sterk tradisie om sekere „mooi" kante aan staatlike gemeenskappe as moreel te beskou. Dink aan Louw (1971:60), wat die saamleef van volkere in geregtigheid as 'n etiese saak bestempel.

sulke stappe geneem is om die onregverdige bestel te beëindig. Wat egter in die lig van ons probleemstelling opgeklaar moet word, is die presiese aard van die samesweerders se motiewe. Was dit eerstens om Duitsland van totale verwoesting te red of eerstens omdat hulle regverdigheid wou herstel (Gerstenmaier, 1965:64)?. Indien eersgenoemde die motief was, is die sameswering selfsugtig en verdien die samesweerders nie heldeverering nie. Indien die bekommernis oor geregtigheid die motivering was, moet 'n mens dit betreur dat eers so laat in die oorlog tot so 'n stap oorgegaan is.

'n Mens wil die bewering waag dat indien 'n groter deel van die politieke gemeenskap in Duitsland hul entoesiasme van meet af aan op die bereiking van regverdigheid eerder as die redding van „heilige Duitsland" (die woorde van Von Stauffenburg voor die vuurpeloton, Pauw, 1978:3-4) toegespits het, die versetbeweging dalk vroeër met sulke felheid sou gekom het.

Die verset teen Hitler was in alle opsigte te regverdig. Dit lyk of verskeie state in Swart Afrika gereeld dieselfde posisie bereik. Dit is dus belangrik dat burgers altyd bewus sal wees van hierdie heel laaste wyse van verset: om onder die nodige omstandighede die wapen teen 'n regering op te neem. Dit is egter slegs 'n normatiewe insig in die politiek wat so 'n besluit op die regte tyd sal laat kom. Dit beteken dat 'n politieke benadering op 'n gebalanseerde geregtigheidsidee geskoei moet wees. Slegs dan word burgers nie rondgedryf deur massabewegings van opsweping of ontnugtering nie. Hulle kan dan die sinvolheid daarvan sien, nie slegs om die wapen in verdediging van hul land op te neem nie maar ook om die wapen teen die onregverdige owerheid in beheer te lig.

### 7. Die status van volksnasionaliteit

Teenoor die gevaar van 'n oorskatting van volksnasionaliteit, staan die vraag na die wettige plek daarvan. Volksnasionaliteit is so natuurlik soos die kleur van 'n mens se hare of sy liggaamsbou. Hoewel van regsweë geen volkskulturele groep bo 'n ander bevoordeel mag word nie, beteken die gelykberegtiging van sulke groepe weer nie dat interne verskille wetlik ontken moet word nie. Daarom is die staatstaak 'n *eksterne* reëling. Verkies 'n afsonderlike groep individuele behandeling, selfs om 'n afsonderlike grondgebied van die owerheid te verkry, moet ook 'n andersdenkende regering so 'n versoek billik oorweeg. Hulle regte op moedertaalonderrig moet verskans word asook verskeie ander maatreëls wat vir lede van die groep 'n vrye lewensontplooiing verseker.

Maar dan kan dit tog gebeur dat 'n groep te midde van sulke gunstige omstandighede deur kultureel sterkere groepe op 'n vreedsame wyse geassimi-

leer word. Ook mag dit gebeur dat verskillende volkere of kultuurgroepe binne dieselfde staatsgebied tot 'n nuwe volk (soos die Afrikaner) saamgroei.

Hierdie groei of verdwyning van volkere en kulture behoort niemand te bekommer nie – veral nie die regering nie. Die regering moet slegs toesien dat dit nie met die skending van juridiese norme gepaard gaan nie. Origens neem 'n regering slegs agterna kennis van die veranderinge deur byvoorbeeld 'n verdwene taal as een van die amptelike tale te skrap. Wat egter wel ontstellend is, is dat 'n sekere groep so eksklusief raak dat dit geen nuwe elemente kan opneem nie en die stereotipe beeld van die nasionale volkstipe op elkeen van die individuele lede probeer afdwing. Verval die deug van hardwerkendheid by 'n sekere kulturele gemeenskap, verswak taalgebruik so dat dit nie meer uitdrukking kan gee aan die fynere nuanses in die skepping nie, is daar ook rede tot kommer. As kulture só verval, raak dit moeiliker om die naaste te dien en God te verheerlik.

Hierdie probleem is egter veel groter as die voortbestaan van 'n spesifieke kultuur waaroor konserwatiewe bewegings so dikwels gaande raak. Dit is na alles ook veel belangriker dat die verskillende norme van skeppingsweë wél gehoorsaam word as dat dit juis binne 'n spesifieke kultuur gehoorsaam word.

## 8. Roeping

Volksnasionaliteit het weens verskeie historiese omstandighede uitgegroei tot 'n nasionalisme. As politieke faktor het dit volksnasionaliteit dus buite verhouding laat ontwikkel. Dit het die politieke lewe in vele opsigte begin oorheers. Die skokkende afmetings van twee wêreldoorloë het mense egter met nuwe oë na nasionalisme laat kyk. So ook het Hans Kohn deur middel van 'n analogie die toekoms van nasionalisme probeer aandui: „... the wave of rationalism which started at about 1680 and dominated the eighteenth century, led to the depolitization of religion. In the process religion did not lose its true dignity, it remained one of the great spiritual forces, comforting and exalting the human soul... A similar depolitization of nationality is conceivable. It may lose its connection with political organization, but it may remain an intimate and moving sentiment. If and when that day arrives, however, the age of nationalism, in the sense in which it is considered here, will be past (Kohn, 1944:23-24).

Die verdwyning van die staatskerk, wat Kohn die ontpolitisering van die godsdiens noem, was inderdaad heilsaam. 'n Christelike kerk hoef ook nie die beherende aandeel in die staatsbestuur te hê ten einde 'n Christelike

politiek te verseker nie. Die ontnasionalisering van die politiek in die sin van die artikel hoef ook nie die einde van regverdigheid teenoor volksnasionalistiese groepe te beteken nie.

Soos wat gesonde politiek deur die oorbeklemtoning van nasionaliteit ondermyn word[5], so ook verskeie ander fasette van die kultuur. Ons het terloops gewys op natuurbewaring en 'n land se ekonomiese stelsel wat in die nasionalistiese gedagtegang gesond gehou moet word *uit liefde vir die land.* Dit is tipies in die nasionalistiese tradisie om burgerskap en volkslidmaatskap die grondnoemer, in Tillich se woorde, die hoogste belang van alle kulturele betrokkenheid te maak. Hiermee gaan gepaard die onvermoë om die nie-politieke lewe in eie reg te waardeer. Dit sien 'n mens by ywerige nasionaliste wat sê dat hulle 'n liefde vir die moedertaal het. Dit blyk egter spoedig dat hierdie liefde spruit uit die polities-nasionale relevansie daarvan eerder as om taal te sien as iets waarmee die mens uiting aan homself gee, afgesien daarvan of dit 'n politieke punt bewys of nie.

Shafer onderstreep – uit 'n historiese oogpunt – die eie reg van nie-politiese terreine deur op die kontras tussen oorlogs- en vredestye te wys: „... ordinary people in peacetime are less conscious of their nationality than of their individuality and their family. When they create – write books, compose music – they do so because they as individuals have to live, want to write, paint and compose"[6].

Maar selfs al word die politiek en die res van die kultuur van die slawerny van nasionalisme in sy verskeie vorme bevry, mag 'n mens nie verwag dat hierdie enkele bevryding noodwendig die begin van 'n utopiese era sal wees nie. Die menslike hart neig van nature afgodies, vandaar die verskeie -ismes in die kultuur. Naas die gevare van nasionalisme is daar byvoorbeeld ook die kommunisme en kapitalisme. Albei die laasgenoemde skyn mekaar te bereik in die grenslose vertroue in die tegniek (Wren-Lewis, 1972:291). Christene sal dus altyd 'n roeping tot getuienis hê, ook in 'n post-nasionalistiese era.

5) Kyk Diederichs, 1936:34-35, wat in die staat „slegs 'n regterlike organisasie", „die dienskneg van die nasie" sien. Nasie is vir Diederichs die volksnasionalistiese eenheid (26-27).

6) Shafer (1955:52). Kyk ook oor nasionale opvoedingstelsels by Hayes (1960). Hy betwyfel die motiewe van nasionalistiese politici. Hulle wou nie opvoed weens „a humanitarian impulse" nie: „The transcendent urge, however, was nationalist. It was to unify a people, by belittling their economic, social, occupational and religious differences and by emphasizing their national language and the inculcation of a common national patriotism".

## BIBLIOGRAFIE


DIEDERICHS, N. 1936. Nasionalisme as lewensbeskouing. Kaapstad, Nasionale Pers.

GERSTENMAIER, E. 1965. New nationalism. Stuttgart, Deutsche Verlagsanstalt.

HAYES, C.J.H. 1960. Nationalism: a religion. London, Macmillan.

KOHN, H. 1944. The ideal of nationalism. New York, Collier Books.

LEWIS, C.S. 1960. The four loves. London, Geoffrey Bles.

LOUW, N.P. van Wyk. $1971^2$. Liberale nasionalisme. Kaapstad, Tafelberg.

MCINTOSCH, G. 1978. Calvinisme en nasionalisme. Referaat voor ACB-kongres.

PAUW, J.C. 1978. Lank lewe die vaderland! *Aambeeld* 6(1):3-4, Maart.

SHAFER, B.C. 1955. Nationalism: myth and reality. London, Victor Gollanz.

THERON, P.F. 1978. Die nasionale beginsel in die onderwys van Blankes in S.A. Bloemfontein, ongepubliseerde proefskrif.

VAN DER WATT, L. 1968. Is 'n opposisieparty noodsaaklik vir 'n goeie owerheidsbewind? *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*, 4(4).

VAN DER WATT, L. 1969. Politieke drukgroepe. *Tydskrif vir Christeike Wetenskap*, 5(2).

WINKLER PRINS ENCYCLOPAEDIE. $1937^5$. Winkler Prins Encyclopaedie. Amsterdam, Elsevier.

WREN-LEWIS, J. 1972. Faith in the technological future. (*In* A. Toffler, red. 1972. The futurists. London, Random House).


**